SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 13 APRIL 2003

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid- Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

In die nuus vandag:

SARL HAMNET KOMPETISIE

ZS3BLUE SPESIALE GELLENTHEIDSTASIE

SA AMSAT HOU AMSATCON 2003

SARL WEBWERF SKUIF

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL-webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan, in te stuur. Indien moontlik stuur dit asb in Afrikaans sowel as Engels. Let wel die ou adres news@sarl bestaan nie meer nie.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede:

SARL HAMNETKOMPETISIE

Vanmiddag vanaf 14:00 tot 16:00 SAT gaan die jaarlikse SARL Hamnet 40 meter gesimuleerde noodkompetisie op die lug wees.
Amateurs kan deelneem in vier kategorieë wat strek van enkeloperateur mobiele of draagbaar tot multi-operateur draagbaar tot basisstasie. Amateurs in Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Zimbabwe, Swaziland, Mozambique, Lesotho, Marioneiland en Suid- Afrikaanse Antarktika kan deelneem en slegs kontakte met hierdie amateurs is geldig vir hierdie kompetisie.

Met die lekker weersomstandigehede is hierdie net die geleentheid om 'n piekniekmandjie te pak, 'n veldstasie op te rig en aan die kompetisie deel te neem. Die reëls van hierdie gewilde kompetisie is in die week aan tak- en klubsekretarisse gestuur.
Die reëls is ook op die SARL se webwerf by www.sarl.org.za beskikbaar.

ZS3BLUE SPESIALE GELEENTHEIDSSTASIE

'n Groep van vyf amateurs van die Boland Amateurradioklub gaan 'n spesiale geleentheidstasie tydens die Paasnaweek by Verneukpan, tussen Brandvlei en Van Wyksvlei in Boesmanland oprig. Die stasie met die roepsein ZS 3 BLUE herdenk die 1929 poging van Sir Malcolm Campbell om die wêreld landspoedrekord in sy renmotor Bluebird te verbeter. Campbell het 218 myl per uur (351 km/h) behaal maar kon nie Majoor Seagrave se rekord op daardie stadium klop nie.

Werking sal op die HF-bande wees met ESB, PSK31 en SATV. SATV- prente sal gedurende Saterdag op elke gelyke uur uitgestuur word.
'n Spesiale QSL-kaart sal vir alle QSOs, digitale en ander beskikbaar wees.. QSL via die Boland Amateurradioklub

PADVEILIGHEID TYDENS DIE PAASNAWEEK

Baie mense in Suid-Afrika gaan tydens die Paasnaweek en die langnaweek daarna op die paaie wees. Radioamateurs oor die land word gevra om die voorkeur Hamnetfrekwensies te monitor en waar nodig hulp te verleen. Bestuur asseblief versigtig as jy die naweke gaan rondry en geniet die wegbreekkans.

SA AMSAT KRY BORGSKAP VIR AMSATCON 2003

SA AMSAT het 'n borgskap van R5 000 van WorldSpace Southern Africa verkry vir die Amateurradio Satellietkomferensie wat op 24 Mei 2003 by die Nasionale Amateurradiosentrum in Gauteng gehou gaan word.

Bykomend het WorldSpace ook 'n WorldSpace satelietontvanger beskikbaar gestel. Hierdie ontvanger gaan gewen word deur een van die deelnemers wat die konferensie bywoon.

Voorleggings wat reeds ontvang is sluit in: "Weather Satellites for Schools", "Reception of weak signals" en "Getting up and running an OSCAR 40 station". As jy graag 'n voorlegging wil maak tydens AMSATCON 2003, stuur 'n opsomming teen 15 April aan saamsat@intekom.co.za.

Om te bespreek besoek die SARL Webwerf by www.sarl.org.za vir inligting of stuur 'n e-pos aan saamsat@intekom.co.za om konferensiedokumente en gereëlde opdaterings te ontvang.

VOLGENDE INTEGNET OP 18 MEI

Die volgende INTEGNET word op Sondag 18 Mei gehou. Maak 'n aantekening in jou dagboek en reël dat jou tak of klub aansluit by die netwerk. Stuur die besonderhede van die telefoonnommer wat ingeskakel moet word by die Telekonferensie en die herhaler wat gekoppel gaan word aan armi@sarl.org.za.

ZS1RBN ROBBENEILAND DXPEDISIE 'N SUKSES

Op Donderdag 3 April het 'n voorspan, bestaande uit Vidi ZS1EL, Kosie ZS1SR en Malcolm ZS1MC, kamp opgeslaan in die leë ligtoringbeampte se huis op die

eiland. Hulle het 'n drieband yagi en 'n G5RV opgerig en het vanaf 17:00 SAT begin met ESB- werking.

Phil G3SWH, David G3UNA en Andrew ZS1AN, het Vrydag by hulle aangesluit. Hierdie drie het die GG-stasie opgerig, wat 'n versterker ingesluit het wat deur die Kaapstad Amateurradiosentrum aan hulle geleen is. Phil se bagasie is deur die lugredery verlê, maar Bud, ZS1B, het hulle uitgehelp met 'n morsesleutel wat hy by die Waterfront afgee het. Dit is nou amateurgees. Die tweede stasie is vinnig opgerig in die ligtoring se kantoor en daar is van 'n omgekeerde V gebruik gemaak wat vanaf die bopunt van die ligtoring gespan is. Daar was genoeg spaartoerusting dat 'n tweede GG-stasie in die kombuis opgerig kon word, gebruik is gemaak van die G5RV as die ESB stasie die yagi gebruik het. Al die stasies het skootrekenaars vir logdoeleindes gebruik.

Die operateurs het in skofte gewerk om die twee of drie stasies 24 uur per dag te bedien. Voortplanting het gewissel met baie kwyning op die bande. Dit was interesant dat veral die ESB- stasie swak seine ontvang het maar is eerlike 57 tot 59 seinrapporte gegee. Die radios is gewissel in geval daar met die ontvanger probleme was, maar met die nuwe radio is dieselfde tendens waargeneem.

Die ZS1RBN-span is op alle bande met baie belangstelling begroet en ongeveer 6 500 QSO's is oor die naweek gemaak. Die veerboot wat om 10:30 die Maandag die span van die eiland so afhaal was tot 16:00 vertraag, dus het die span so 'n paar ure meer gehad om stasies te werk. Hulle het moeg teruggekeer maar baie tevrede dat die ekspedisie 'n sukses was. QSL-kaarte moet gestuur word aan Phil G3SWH, of direk met 'n geadresserde koevert en posgeld aan 21 Dickenson's Grove, Congresbury, Bristol, BS49 5HQ, U.K, of via die RSGB-buro.

SARL WEBWERF GESKUIF

Richard, ZS2CLI, die SARL se Webmeester rapporteer dat die SARL se webwerf na 'n nuwe rekenaarbediener geskuif is, met gebruik van die nuutse tegnologie wat beskikbaar is. Alhoewel die skuif nie die werking van die webwerf behoort te beïnvloed nie, word gebruikers gevra om enige onreëlmatighede te rapporteer wat in die volgende paar dae te voorskyn mag kom. Dit sal Richard en sy span help om enige gremlins te vang wat miskien in die stelsel is.

NUWE METODE VAN NUUS INDIEN

Onthou, die nuwe metode vir die indien van nuusitems vir die SARL nuusbulletins is om aa die SARL webwerf te koppel by www.sarl.org.za/newsinbox.asp en die nuusitem in die ruimte wat voorsien word in te tik of om tyd en geld te spaar, die die item vooraf in teksformaat te tik, te kopieër en dit in die ruimte te plak (paste). Klik dan in die "send item"-spasie en diskonnekteer nadat die berig versend is. Al die bulletinopstellers sal wanneer hulle e-pos aflaai die item ontvang.

VERANDERINGS IN FREKWENSIE EN TYD VAN ARMI-UITSENDINGS

Net 'n herinnering daaraan dat reeds vanaf 30 Maart die uitsending van Amateur

Radio Mirror International om 10:00 SAT die 21560 kHz-frekwensie deur 17815 kHz vervang is. Die uitsending op 9750 kHz gaan onveranderd voort. Die heruitsending op Maandagaande geskied om 21:00, dit wil sê een uur later as voorheen maar die frekwensie bly onveranderd op 3215 kHz.

DAGBOEK VAN GEBEURE

Maak 'n aantekening in jou dagboek oor die volgende aktiwiteite:

13 April SARL HAMNET 40 Meterkompetisie;

18 - 21 April ZS3BLUE vanaf Verneukpan in die Noord-Kaap;

18 April Wêreld Amateurradiodag;

27 April SARL President se Net;

10 Mei Scopex-Uitstalling by die SA Militêre Museum, en ZS6NOM op die lug; ook die BHF Digitale Werkswinkel (meer inligting later);

17 Mei Radio Amateur Eksamen;

18 Mei SARL INTEGNET;

24 Mei AMSATCON 2003 by die NARS;

28 June Tuiskonstuksie Opedag by die Wesrandklub.

Hierdie bulletin is saamgestel deur Dennis, ZS4BS, en gelees deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban en 145,750 MHz in die Pretoriagebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

U het geluister na ZS6SRL, dankie dat u by ons aangesluit het. Baie dankie aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX